# QUO VADIS KRIMINOLOGIE?

J.G.S. Bosch

Departement Kriminologie, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 2520

ABSTRACT

QUO VADIS KRIMINOLOGIE

The author deals with the diversity in contemporary viewpoints among academics in South Africa regarding the subject matter of criminology. The topic subject stems from the rationalization programmes being instituted at South African universities and it is maintained that the future of contextual disciplines such as criminology will be decided according to their material value.

Such value is determined in accordance with the recognition of the discipline in question received within the ranks of established professions. The sole beneficiary in the utilization of criminological knowledge is the criminal justice system. Therefore all scientific practice in criminology should be directed towards serving this goal.

An analysis of the philosophical foundations within the framework of Christian scientific practice proves that the subject matter of criminology is juridically orientated and therefore related to jurisprudence and not to the social sciences - a viewpoint held in certain academic quarters. The material value of criminology can only materialise within the criminal justice system. Criminology should be practised and taught at the law faculties of universities, enhancing pure criminology and paving the way towards official recognition by the law profession.

## 1. INLEIDEND

Die rasionalisasieprogram wat tans aan Suid-Afrikaanse universiteite van stapel gestuur word, vereis dat opnuut besin word oor die wysgerige grondslae van vakwetenskappe. Kriminologie is nie van die proses uitgesluit nie. In wese

het die rasionalisasie te doen met 'n ondersoek na die produktiwiteit van die universiteitswese in Suid-Afrika en hoe universiteite tot die land se welvaart kan bydra - welvaart wat ongeag die aard daarvan deur materiële welvaart ten grondslag gelê word. Tydens die rasionalisasieproses word vakwetenskappe se relevansie in terme van materiële waarde beoordeel. Akademiese aktiwiteite in departemente en universiteite wat vir die universiteit, onderwys en die land oor die algemeen nie 'n materiële voordeel inhou nie, loop gevaar om uitgefaseer te word. Die rasionalisasie wentel om die verhoging van kwaliteit op alle terreine van die universiteitswese en nie primêr om finansiële besparing nie. Ongelukkig moes die owerheid die finansiering van universiteite as hefboom gebruik om universiteite te dwing om selfondersoek na kwaliteitonderrig te doen. 'n Verhoging in die kwaliteit van universiteitsonderrig kan slegs die groei en welvaart van die RSA tot voordeel wees.

Die materiële waarde van vakwetenskappe en daarom dan ook hul relevansie lê in die bydrae en rol wat dit in beroepsopleiding of -voorbereiding vervul. Dit is betekenisvol dat vakwetenskappe wat direk met beroepsopleiding in verband staan en die beoefenaars van sulke konteksmatige wetenskappe amptelik deur georganiseerde liggame as neringe erken word, in hierdie tye gedy. Ingenieurs, juriste, onderwysers, verpleegsters, maatskaplike werkers, sielkundiges en aptekers is enkele voorbeelde.

In die proses word egter ook gewaak dat die wese van die universitas nie deur sodanige rasionalisasie aangetas word nie omdat die universitas wetenskapsbeoefening in toto ten grondslag lê. Hierdie diensfunksie materialiseer in die basiese wetenskappe waarin die beoefening van alle konteksmatige wetenskappe veranker is en hul wysgerige grondslae geabstraheer word. Die basiese wetenskappe het 'n fundamenteel-prinsipiële diensfunksie wat bepaal word deur die modale sinkern waarin hulle hul ontologie het. Hierdie diensfunksie kan aan die hand van konseptualisering waaraan hulle deel het, geïllustreer word. Dit is die fisika wat bepaal wat swaartekrag is en die wiskunde wat som is. Psigologie bepaal wat skisofrenie en neurose is en sosiologie akkulturasie of sosialisering. So bepaal die filosofie die grondlyne vir metodologie en geskiedenis die tydperke van die verhaal van die volkere van die wêreld. Sonder taalvaardigheid kan wetenskapsbeoefening tog nie moontlik wees nie.

In hierdie artikel word gepoog om by wyse van wysgerige besinning die ware plek van kriminologie binne die konteks van die universitas aan te dui.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Die aanleidende vraag wat op die kern van die probleem wat voorhande is betrekking het, is die vraag of kriminologie se toekoms in die lig van die rasionalisering van die universitas verseker is. 'n Basiese wetenskap is dit nie en om sy status as konteksmatige wetenskap te verstewig, is die antwoord op die aanleidende vraag of kriminologie hom op 'n materiële grondslag sal moet vestig of andersins 'n ernstige bestaanskrisis gaan belewe. Hierdie materiële vestiging is alleen moontlik indien die resultate van kriminologiese wetenskapsbeoefening neerslag vind in 'n gevestigde en amptelik-erkende beroepskring.

Daar is vele wetenskappe wat met dieselfde probleem worstel. Kriminologie bevind hom egter in die posisie dat sy wesenlike aard sy toekoms behoort te verseker. Geen samelewing en geen land kan hoë verwagtinge in misdaadbestryding koester sonder die benutbaarheid van die kennissisteem van kriminologie nie. Dit is om dié rede dat kriminologie wêreldwyd beoefen word en inderdaad 'n wêreldwetenskap is. Voorts is kriminologiese wetenskapsbeoefening al wêreldwyd tradisie.

Ongelukkig heers daar in Suid-Afrika nie konsensus oor wat die wesenlike aard van kriminologie is nie. Dit het duidelik geblyk tydens die jaarkongres van die Kriminologiese Vereniging van Suiderlike Afrika op 23 Oktober 1987 by die Universiteit van Pretoria. Daar heers eenstemmigheid dat kriminologie 'n kennissisteem rondom die misdaadverskynsel opbou, maar oor die diensfunksie van sy kennissisteem heers daar baie meningsverskil.

In hierdie artikel word die standpunt gehuldig dat die relevansie van kriminologie binne die toekomstige gerasionaliseerde universitêre bedeling alleenlik gehandhaaf sal word, indien dit op 'n materiële basis gevestig word. Sodanige vestiging is alleen moontlik indien uitvoering aan die volgende veronderstellings gegee word:

- Kriminologie is vanweë sy wesenlike aard 'n juridies-georiënteerde dissipline.

- Kriminologie se dienslewering is primêr binne die kriminele regspleging gesetel is en kriminologiese wetenskapsbeoefening moet daarop afgestem word om sodoende suiwerheid in kriminologiese wetenskapsbeoefening te verseker.

- Sodanige suiwere beoefening van kriminologie kan alleen moontlik wees indien erken word dat strafreg sy moederwetenskap is en nie sosiologie soos sommige kringe dit wil hê nie.

- Kriminologie moet daarom aan die regsfakulteite van universiteite gedoseer word om sodoende die regte klimaat vir suiwer kriminologiese wetenskapsbeoefening te verseker.

- So 'n stap gaan daartoe bydra dat kriminologie groter aanvaarding in die regsprofessie sal vind en sal daarom ook sy posisie in die instellings van die kriminele regspleging sal verstewig.

Die rasionaal vir die voormelde veronderstellings en hul uitvoerbaarheid is geleë in die wesenlike aard (subject matter) van kriminologie. Die rigtinggewende faktor in die vasstelling van sy wesenlike aard, is die beginselgrondslag waarop kriminologiese wetenskapsbeoefening berus. Derhalwe is die bewys van so 'n beginselgrondslag die eerste stap om die relevansie van kriminologie binne die gerasionaliseerde universitêre bedeling te bewys. 'n Calvinisties-georiënteerde beginselgrondslag bied 'n duidelik-geformuleerde paradigma vir kriminologiese wetenskapsbeoefening wat die onafhanklikheid van kriminologie as 'n konteksmatige wetenskap verseker.

Vervolgens word 'n uiteensetting van kriminologie se wesenlike aard kragtens die Calvinistiese perspektief aangebied.

## 3. WETENSKAP EN WETENSKAPSBEOEFENING

Wetenskapsbeoefening kan bestempel word as die versameling van wetenskaplike kennis oor die werklikheid. Wetenskaplike kennis is

tegnies-metodies-gesistematiseerde kennis, aldus Stoker (1969:193). Wetenskap verwys na die totaliteit van wetenskaplike kennis oor die werklikheid waarmee geïmpliseer word dat die mens die werklikheid slegs ten dele ken. Daarom omskryf Stoker (supra) wetenskap as kennis van die kenbare.

Van Laer (1963:14) voer aan dat wetenskapsbeoefening na die opbou van 'n kennissisteem rondom 'n studieobjek verwys. So vorm die werklikheid die studieobjek van die wetenskap. 'n Kensubjek (wat 'n enkele individu of akademiese gemeenskap kan wees) beskik vanweë sy nietigheid nie oor die vermoë om die werklikheid in toto te bestudeer nie. Dit doen die mens in kollektiewe verband. Die werklikheid is te omvangryk en daarbenewens 'n gebroke samehang.

As studieobjek van die wetenskap word die werklikheid opgebreek in 'n wye verskeidenheid van verskynsels (wat Stoker (supra) basies in stof, plant, dier en mens verdeel) wat kragtens bepaalde metodologiese kriteria studieobjekte van (vak)wetenskappe vorm. 'n Wetenskap (vakwetenskap as u wil) is dus gemoeid met die opbou en uitbouing van kennissisteme rondom bepaalde kenbare dele van die werklikheid.

Wetenskapsbeoefening kan in twee basiese kategorieë verdeel word, naamlik

- die bestudering van die bestaande kennis wat oor die wetenskap bekend is;

- navorsing wat gerig is op die ontdekking van die onbekende in die werklikheid en die ontsluiting van nuwe kennis daaromheen.

Die massa van die kensubjektegemeenskap (waaronder studente) hou hulle met eersgenoemde besig terwyl slegs 'n klein persentasie met navorsing gemoeid is. Wetenskapsbeoefening en navorsing is dus nie in alle opsigte sinonieme begrippe nie. Weliswaar kan navorsing seker as die waardevolste vorm van wetenskapsbeoefening bestempel word, maar geen navorser (kensubjek) kan hoë verwagtinge in navorsing koester indien hy nie deeglik en grondig onderlê is in bestaande wetenskaplike kennis wat op sy navorsingsterrein (studieobjek) betrekking het nie.

Blote versameling van kennis aangaande 'n studieobjek stel nie sonder meer wetenskap daar nie. Sodanige versamelde kennis moet metodologies verantwoordbaar wees (Duvenage, 1983:27). Metodologie verwys na die reëls vir wetenskapsbeoefening wat van toepassing is op lewensbeskoulike uitganspunte, dataversameling, sistematisering, ordening, vertolking, rangskikking, verwerking, verifiëring, teoretisering en verslaggewing van waargenome feite.

Die onderstaande kan as gangbare definisies vir wetenskapsbeoefening en wetenskap onderskeidelik geld:

Wetenskapsbeoefening is daardie handelinge en aktiwiteite gewortel in 'n lewensbeskouing wat uitgevoer word met die doel om volgens metodologiese reëls en riglyne kennis in te win oor 'n verskynsel (byvoorbeeld misdaad), ter uitbouing van 'n kennissisteem wat om so 'n verskynsel sentreer en die verworwe kennis omvorm tot wetenskap.

Wetenskap is daardie metodologiesverantwoordbare kollektiefversamelde kennis oor 'n studieobjek in die kenbare gebroke werklikheid met 'n bepaalde doel in die aanwending van daardie kennis.

### 3.1 Christelike wetenskapsbeoefening

Vir die Christen is wetenskapsbeoefening 'n roeping. Die Christenwetenskaplike (waaronder ook die kriminoloog) beskou wetenskapsbeoefening as 'n Goddelike opdrag vanweë die feit dat die mens as kroon van die skepping deur God aangestel is om Sy skeppingswerk in stand te hou. Deur wetenskapsbeoefening is die mens voortdurend besig om meer te wete te kom van die werklikheid en daardeur des te meer in staat om uitvoering aan hierdie opdrag te gee om sodoende die ewige lewe te kan beërwe. Dit is so omdat die handhawing van die sentrale liefdesgebod die instandhouding van God se skeppingswerk ten grondslag lê. God maak dit vir die mens moontlik deur hom met talente toe te rus wat hy in terme van die gelykenis van die talente maksimaal moet benut.

Dit is die lewensbeskouing van kensubjekte wat gestalte en struktuur aan wetenskapsbeoefening verleen. Lewensbeskouing gee vorm aan die denke wat

die wetenskaplike in staat stel om 'n denkparadigma te ontwerp waarbinne hy sy wetenskap beoefen. Denke gaan die kenhandeling vooruit en vind verteenwoordiging in verskillende wysgerige strominge wat elk op sy eie beginselsgrondslag berus (Duvenage, 1983:33). Die Calvinisme (Christelik-protestantse as u wil) se denke handhaaf die teosentriese beginsel waarvolgens God in die sentrum van wetenskapsbeoefening geplaas word.

Calvinisties-georiënteerde kriminologie is die resultaat van Skrifgefundeerde wetenskapsbeoefening. Hiermee word nie te kenne gegee dat die Bybel 'n handboek is waarin antwoorde op vrae wat met misdaad in verband staan, verstrek word nie. Skrifgefundeerde kriminologie verseker dat die vak aan die kriterium van paradigmatiese verantwoordbaarheid voldoen deur die aanbieding van 'n beginselgrondslag met duidelik geformuleerde lewensbeskoulike uitgangspunte om as vertrekpunte te dien vir kriminologiese wetenskapbeoefening. Die Christen-kriminoloog se uitgangspunt is dat die Bybel die Woord van God is en daarom die kenbron waarin grondliggende gegewens gegee is (De Klerk et al., 1972:279). Die Bybel bied die voorwetenskaplike grondlyne waarop kriminologiese wetenskapsbeoefening verder uitbou.

Die teosentristiese uitgangspunt in kriminologiese wetenskapbeoefening postuleer dat misdaad die ernstige skending en verontagsaming van die sentrale liefdesgebod is en die misdadigermens God se bestaan, Sy gebooie en die verkondiging van die Evangelie ontken. Die totale samelewing is medeverantwoordelik ooreenkomstig die bekende spreuk van Laccasagne in 1885 - **Les sociétés ont les criminels qu'elles meritent** - elke gemeenskap het die misdaad wat dit verdien (Mannheim, 1973:422). Wat kriminologie hom met sy kennissisteem ten doel stel, is verantwoording teenoor God vir die mens se misdadige bestaan. Misdaadbeheer en misdaadvoorkoming se sekerheid is gesetel in die gehoorsaamheid aan die sentrale liefdesgebod. Dit is die grondlyne wat doelgerigtheid in kriminologiese wetenskapbeoefening teweegbring.

### 3.2 Teosentrisme versus kosmosentrisme

Die Calvinistiese perspektief op misdaad impliseer geensins dat sy wetenskapsleer as die enigste korrekte leer opgeëis word nie. Die positivisme

is die denkstroming wat die grootste invloed op kriminologiese wetenskapbeoefening wêreldwyd uitgeoefen het (Vold, 1985:40). Die Calvinistiese kriminologie ontken geensins die verdienstes van die positivisme nie. Voorts word toegegee en erken dat die meeste konstrukte in die metodologie van kriminologie in die positivisme gefundeer is soos die empiriese tegnieke van data-insameling byvoorbeeld.

Waarmee die Christen-kriminoloog wel worstel, is die standaardidee in die positivisme dat die ervaringswerklikheid, dit wil sê waarneembare feitelikhede, die enigste kenbron is (Duvenage, 1983:37). Sodanige verabsolutering van 'n kosmosentriese beginsel is onaanvaarbaar, want dit hou in dat God in die navorsingsituasie afwesig is. Die Christen is teosentristies vanweë sy geloof dat God alomteenwoordig is en alles wat waargeneem word, 'n Goddelike oorsprong het omdat God die totale werklikheid (dit is die totale verskynsele-wêreld) geskape het en daaroor heerskappy voer. Geen positivis kan 'n misdaadprobleem benader en bestudeer met die geloof dat hy hom buite die invloed van sy lewenservaringe (waaronder godsdiensbeoefening) kan projekteer nie.

Die teosentriese benadering in kriminologiese wetenskapsbeoefening hou in dat dit die enigste denkraamwerk kan skep wat as verwysingsraamwerk dien waarbinne ander benaderings in wetenskapsbeoefening bedryf kan word. Dit is so omdat God altyd in die sentrum staan. Wetenskapsbeoefening is Sy Wil en volg uit Sy liefdegawes en genade. Daarom staan die wetenskap wat daaruit volg altyd tot die eer en verheerliking van God en die uitbreiding van Sy Koninkryk omdat die mens nie sonder Sy genade tot die skepping van wetenskap in staat is nie.

Kriminologie se prinsipiële belangstelling in misdaad is geleë in sy roeping om 'n studie te maak van die ernstige en ingrypende wyse waarop die mens deur sy misdadigheid die eise van die sentrale liefdesgebod verontagsaam. Vanuit hierdie perspektief volg 'n benadering met beginselgrondslae wat in die Bybel gefundeer is en waaruit lewensbeskoulike uitgangspunte ontwikkel. Onder die invloed van die positivisme, gerig deur die teosentriese beginsel van die Christus-religie, ontwikkel kriminologie sy eie unieke paradigma vir wetenskapsbeoefening.

## 4. DIE ONTOLOGIE VAN KRIMINOLOGIE

Die ontologie van kriminologie beteken die wesenlike aard (subject matter) van kriminologie (Bianchi, 1956:11). Die ontologie van 'n wetenskap verwys na die plek in die kosmiese wetsorde waarin die grondwortels van so 'n wetenskap (waaronder kriminologie) veranker is. Derhalwe impliseer die plek van kriminologie in die kosmiese werklikheid sy plek (status) in die ry van vakwetenskappe.

Die regverdiging vir die erkenning van 'n wetsorde is in die skepping geleë deurdat God chaos tot kosmos georden het. Stoker (1969:202) voer aan dat die aanvaarding van die wetsorde vir die wetenskap 'n saak van beginsel is wat aanleiding gee tot die prinsipiële veronderstelling dat sodanige wetsorde die aard en studieterrein van 'n vakwetenskap bepaal. Die kosmos word gesistematiseer deur modaliteite (wetskringe) wat die grense van vakwetenskappe afbaken. Modaliteite bepaal dus die aard en wese van wetenskappe deur die funksies (sinkern) van die wetskring neer te lê. Alle handelinge in wetenskapsbeoefening word dus teen die verskillende modaliteite beoordeel om die basiese aard daarvan te identifiseer.

Die doelbepalende modaliteit in die wetenskap is die logiese, naamlik dat die wetenskap 'n sistematiese en logiese eenheid moet vorm. Die modale dimensie van kriminologie word aan die hand van Dooyeweerd se Wysbegeerte van die **Wetsidee** bespreek (Van der Vyver en Van Zyl, 1982:4). Regsreëls orden die samelewing teen onder andere die bedreiging wat misdaad vir die ekwilibrium van samelewingsorde inhou. Die beheer van misdaad is die einddoel van kriminologiese wetenskapsbeoefening deurdat misdaadbeheer die handhawing van samelewingsorde (samelewingsharmonie) tot gevolg het (Quinney, 1979:19; Von Hentig, 1947:1; Van der Westhuizen, 1971:6; Walsh en Poole, 1983:56). Die rasionaal is die feit dat misdaad as 'n benadelingsverskynsel soveel nadeel en potensiële nadeel vir 'n gemeenskap inhou (Van der Walt et al., 1982:159).

Die regsreëls wat die samelewing teen misdaadbedreiginge moet orden, is in die juridiese modaliteit begrond. Wanneer geredeneer en besin word vanuit die Skeppingsidee van Stoker en vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee van Dooyeweerd, kan gekonstateer word dat die sinkern van vergelding in die juridiese modaliteit multidimensioneel is. Stoker en Dooyeweerd huldig albei

die mening dat alle werklikheidsaspekte multidimensioneel (met veelvoudige kante) is. Bepaalde momente (raakvlakke) van ander modaliteite is in die juridiese modaliteit opgeneem wat op eiesoortige wyse vergestalting vind (Duvenage, 1983:84). So het die sinkern van vergelding 'n psigiese, etiese, ekonomiese, sosiale, pistiese en analitiese kant. Hoewel soewerein in eie kring is die juridiese wetskring ook universeel in eie kring waarin antisipasies en retrosipasies te vinde is. Die sinkern van die wetskring rig die vakwetenskap ten opsigte van sy studieobjek, en in hierdie verband is die vakwetenskap outonoom.

Die rigtingpeiler in die vasstelling van die misdaadverskynsel as studieobjek in die kriminologie is in die juridiese wetskring geleë waar misdaad geïdentifiseer word as gedrag wat 'n bedreiging inhou vir of die skending is van ordehandhawende regsreëls. Geen ander vakwetenskap hou hom besig met die wetenskaplike bestudering van misdaad betreffende voorkoms, aard, omvang, oorsake, verbande, gevolge, voorkoming en beheer daarvan nie. Kriminologie as 'n vakwetenskap ondersoek dus die besondere wet in die juridiese wetskring wat in die ordening van die samelewing ten opsigte van misdadige bedreiging geld. Regsreëls in die juridiese wetskring verleen aan individue en groepe regte en juridiese regsreëls reël die wederregtelike inbreukmaking op hierdie regte. Bepaalde vorme van inbreukmaking word dan as misdade geïdentifiseer weens die benadeling wat die misdaadvorm inhou en die wanorde wat sal volg indien dit onbeheersd toegelaat word. Die misdaadverskynsel is 'n werklikheid in die skepping as resultaat van 'n versteuring van die orde deur die sonde. Hierdie werklikheidsaspek word deur die kriminologie geabstraheer in samehang met die wetskring en wette wat vir die betrokke wetskring of modaliteit geld. Die noodsaaklikheid dat die misdaadvorme beheer moet word, is ook die einddoel van die kriminologie. Dit is hierdie einddoel wat aan kriminologie dan ook sy besondere outonomiteit verleen.

Die juridiese modaliteit rig die totale regswetenskap en dus ook die strafreg waarteenoor die kriminologie in 'n besondere verhouding staan. Die regswetenskap gerig deur die juridiese wetskring, hou hom besig met die handhawing van orde deur die handhawing en beskerming van die regte van mense en groepe om te voorkom dat daar op daardie regte inbreuk gemaak word. Slegs daardie verskynselvorme wat op misdadige wyse inbreuk maak op die regte

van mense en groepe, vorm die studieobjek van die strafreg en die kriminologie. In die sentrum van kriminologiese wetenskapsbeoefening staan die misdaadbegrip wat 'n strafregtelike betekenis het. Dit blyk baie duidelik uit die opkoms van die kriminologie en die standpunt van skrywers waaraan vervolgens aandag gegee word.

## 5. DIE OPKOMS VAN DIE KRIMINOLOGIE

Ten spyte van die feit dat misdaad so oud is soos die mensdom self, is die bestudering daarvan eers in die twintigste eeu op 'n wetenskaplike grondslag geplaas en is kriminologie 'n jong wetenskap (Clifford, 1974:9). Die misdaadverskynsel is aanvanklik deur wetenskaplikes uit verskillende wetenskappe bestudeer toe hulle tydens die beoefening van hul onderskeie dissiplines met misdaad te doen gekry het. Hierdie wetenskaplikes het bewus geword van die nadeel wat misdaad vir die samelewing inhou en die metodes om dit te bestry. Vanuit hul verskillende dissiplines het wetenskaplikes 'n studieobjek bestudeer wat nie die sentrale kennisstruktuur van hul wetenskappe uitgemaak het nie. Mannheim (1973:2), haal voorbeelde aan: Beccaria (1738-1794), Bentham (1748-1832), Ferri (1856-1929), Garofalo (1895-1932), Montero (1861-1919), Doe (1830-1896) en Gross (1847-1915) grondlegger van die kriminalistiek - was almal juriste; Ray (1807-1881), Maudsley (1835-1918), Lombroso (1835-1904), Goring (1870-1919) en Aschaffenburg (1866-1944) was geneeshere en psigiaters. Durkheim (1858-1917) en Bonger (1876-1940) was sosioloë, Maconochie (1878-1860) was 'n vlootoffisier en geograaf, Haviland (1792-1852) 'n argitek, Quetelet (1796-1874) 'n matematikus. Die kriminologie het sy bestaan (nie ontstaan) aan die pionierswerk van hierdie skrywers te danke. Uit hul geledere is die akademiese gemeenskap van die kriminologie gebore.

Fox (1985:28) en Reid (1982:24) huldig die standpunt dat die opkoms van die kriminologie sy beslag kry met Cesare Beccaria se werk **Dei delitti e delle pene** ("Essay on crimes and punishment") in 1764. Die Franse antropoloog Topiniard het in sy werk wat gehandel het oor hervorming van straf in 1879, aan kriminologie sy naam gegee. Dit is moeilik om te glo dat die wetenskaplike bestudering van misdaad so laat ontstaan het, terwyl daar alreeds in die klassieke geskrifte van Hammoerabi 2 000 v.C. oor misdaad geskryf is. Die

misdaadverskynsel het eers gedurende die tweede helfte van die vorige eeu as studieobjek van 'n vakwetenskap uitgekristalliseer.

Uit die werke van die pioniers het verskille denkrigtings en skole ontwikkel wat die misdaadverskynsel bestudeer het. Die opbou van 'n kennissisteem ten opsigte van misdaad was 'n spontane ontwikkeling waaruit kriminologie sy beslag as 'n vakwetenskap verkry het. Fox (1985:28) skryf dat die ontwikkeling van die kriminologie "the composite result of the thinking and endeavours of many people" is. Weliswaar bestaan daar 'n noue verbintenis tussen die kriminologie en sommige dissiplines om redes wat later volledig toegelig word. Voorbeelde van sulke dissiplines is onder andere sosiologie, psigologie en strafreg.

Louw et al. (1978:xiii) voer tereg aan dat die aanvanklike en soms heersende opvatting dat kriminologie uit die sosiologie ontwikkel het, of onder die sambreel van die sosiologie staan, 'n ernstige mistasting is. Taylor et al. (1973:268) kom na sorgvuldige ontleding en bestudering van teorieë ter verklaring van misdadige gedrag tot die slotsom dat daar vandag wegbeweeg word van hierdie verkeerde aanname dat kriminologie 'n vorm van sosiologiese wetenskapsbeoefening is. Dit blyk baie duidelik uit die strafregtelike betekenis wat moderne kriminoloë aan die misdaadbegrip heg.

## 6. DIE VAKWETENSKAPLIKE RAAMWERK VAN DIE KRIMINOLOGIE

In die inleiding tot die artikel is reeds gewys op die algemene aanvaarding dat die misdaadverskynsel die studieobjek van die kriminologie is. Die struktuur van 'n vakwetenskap (waaronder kriminologie) se kennissisteem word bepaal deur die aard van die studieobjek (waaronder die misdaadverskynsel) en die intelligensie waarmee die kensubjek die kenobjek betrag. Alhoewel die begrensing van vakwetenskappe deur hul studieobjekte begrens word, is hierdie begrensing nie absoluut of waterdig nie, omdat die werklikheid in samehang bestaan. Elke vakwetenskap ondersoek net die werklikheid vanuit sy eie gesigshoek.

Soos alle ander aktiwiteite van die mens is wetenskapsbeoefening ook doelwitgerig. Weens die feit dat misdaad 'n benadelingsverskynsel is en in sy totaliteit van verskyningsvorme (van die nietigste oortreding tot die grusaamste daad) die grootste bedreiging vir die harmoniese naasbestaan van mense en vir


die samelewingsorde inhou, is dit logies en vanselfsprekend dat die uiteindelike vakwetenskaplike doelwit van die kriminologie die beheer oor die misdaadverskynsel sal wees.

Kriminologiese wetenskapsbeoefening kan in drie kategorieë verdeel word, naamlik beskrywende, verklarende en toegepaste kriminologiese wetenskapsbeoefening. Die verworwe teoretiese kennis van beskrywing en verklaring vind praktiese toepassing op 'n derde vlak van wetenskapsbeoefening wat as toegepaste kriminologie beskrywe kan word (Van der Westhuizen, 1971:6).

Ten einde 'n effektiewe en doeltreffende kennissisteem rondom die misdaadverskynsel op te bou, word die misdaadverskynsel as studieobjek in vier komponente verdeel, naamlik die misdaad, misdadiger, slagoffer en die kriminele regspleging. Die vier sentrale komponente maak die studieterrein van die kriminologie uit. Al vier begrippe is terselfdertyd benamings vir verskynsels in die verskynsele-wêreld of kosmiese fasette in die totale werklikheid wat in samehang bestaan en nie as los entiteite nie (Van der Walt et al., 1982:24).

Beskrywende en verklarende kriminologiese wetenskapbeoefening sentreer rondom die misdaad, misdadiger en die slagoffer. Toegepaste wetenskapbeoefening sentreer rondom die kriminele regspleging. Die verworwe fundamentele teoretiese kennis vind toepassing binne die kriminele regspleging. Kennis word dus verkry deur die studie wat gemaak word aangaande die wyse waarop die verworwe kennis (supra) toepassing binne die kriminele regspleging vind en hierdie verworwe kennis maak op sy beurt deel uit van die kennissisteem wat rondom die misdaadverskynsel opgebou word. Die alomvattende doelwit van kriminologiese wetenskapsbeoefening materialiseer binne die kriminele regspleging. Diagrammaties lyk die voorstelling so:

FIGUUR 1 Diagrammatiese voorstelling van kriminologiese wetenskapbeoefening




Kennis wat tydens die beskrywende en verklarende ondersoeke verkry is, word op die toegepaste vlak toegepas of aangewend om metodes en tegnieke te ontwikkel vir die beheer en voorkòming van misdaad. Die ontwikkeling van beheertegnieke is moontlik omdat voorspelling in die toepassing van verkreë beskrywende en verklarende kennis moontlik (Van der Walt et al., 1982:190). Tegnieke wat daarop gemik is om beheer oor die misdaadverskynsel uit te oefen of middele wat as tegnieke aangewend kan word om misdaad te beheer, sal dus altyd die objek van 'n kriminologiese studie wees.

Daar is reeds op die feit gewys dat misdaad by uitstek 'n benadelingsverskynsel is (Van der Walt **et al.**, 1982:159). Schurink (1979:S68) wys daarop dat geen politieke bedeling, politieke mag, strafregstelsel, behandelingsprogram of skrikbewind 'n samelewing van misdaad kon vrywaar nie. Die steeds toenemende misdaadsyfer en uiteenlopende vorme van misdaad maak van alle mense potensiële slagoffers. Weens die feit dat misdaad 'n benadelingsverskynsel is, is dit die taak van die kriminologie om inligting te verskaf waarvolgens sodanige benadeling voorkom kan word. Derhalwe moet die beheer oor die misdaadverskynsel as die uiteindelike doelwit van die kriminologie beskou word. Daarom maak die kriminele regspleging deel uit van die studieterrein van die kriminologie (Chamelin **et al.**, 1979:2-3; Haskell en Yablonsky, 1983:16; Louw **et al.**, 1978:42; Reid, 1982:26). Seelig (1950:8) meen die doel van die kriminologie as 'n vakwetenskap is die bekamping van "des Verbrechens".

Mettertyd sal hieronder aangetoon word dat die kriminele regspleging die samelewingsisteem is wat die uitsluitlike taak het om misdaad die hoof te bied en sodoende die samelewingsharmonie te handhaaf. Kriminele regspleging se instelling word deur die strafreg gereël (Gibbons, 1982:51).

## 6.1 Die misdaadbegrip

Fox (1976:385) meen dat nie-juridiese definisies van misdaad slegs betekenis het waar dit as vertrekpunt dien in daardie kriminologiese ondersoek wat gerig is op die soeke na verklarings vir misdaad. Dieselfde skrywer voer voorts aan dat "(t)he law is basic to criminal behaviour and the criminal justice system. Without criminal law there would be no definition of crime". Reid (1982:22) huldig dieselfde mening.

Louw **et al.** (1978:xiii) voer aan dat behalwe vir enkele skrywers, gedrag wat met die strafreg strydig is, as misdaad beskou word. Die skrywers motiveer hul stelling deur te wys op die ondersoekbevindinge van ander kriminoloë in hierdie verband soos Bianchi, Nagel, Sellin, Hoffnagel, Venter en Labuschagne.

Van der Walt **et al.** (1982:22) haal Cressey aan wat sê: "If behaviour is not legally defined as crime, then it is no crime."

The Encyclopaedia of crime and justice (1983:301) definieer misdaad soos volg: "Crime is not a natural phenomenon but a legal one. Whatever the lawmaker defines as crime, is crime."

Strafregtelik kan misdaad omskryf word as 'n wederregtelike menslike gedragswyse wat met skuld gepaard gaan en deur die owerheid deur straf verbied word (Bosman en Hosten, 1979:742).

Daarom is dit aanvaarbaar wanneer Bianchi (1956:19) en Von Hamel (1978:6) aanvoer dat Kriminologie sy ontwikkeling aan die behoeftes van die strafreg te danke het. Voorts is dit ook aanvaarbaar wanneer Bartol en Bartol (1986:11) meen dat (die juriste) Jeremy Bentham (1748-1832) en Cesare Beccaria (1735-1794) die aanvoorwerk vir kriminologiese wetenskapsbeoefening, die behoefte om wetenskaplik gefundeerde kennis oor die misdaadverskynsel te versamel, gedoen het.

### 6.2 Die kriminele regspleging

In Suid-Afrika is die kriminele regspleging 'n wetlike ingestelde administratiewe sisteem. Dié instelling funksioneer op grond van die staatsgesag by wyse van bepaalde ad hoc-wetgewing. Die kriminele regspleging word deur die gepositiveerde norme van die strafreg gereguleer en is daarom inderdaad gefundeer op die Rule of Law. Die Rule of Law is vasstaande regsvoorskrifte wat die funksionering van die kriminele regspleging (waaronder die ondersoek van misdaad) beheer (Wiechers, 1981:140). Die ondersoek van misdaad geskied nie na willekeur nie, maar binne die raamwerk van bepaalde strafregtelike voorskrifte. Hierdie strafregtelike voorskrifte plaas nie beperkinge op die beheer van misdaad nie. Die kriminele regspleging word inderdaad met wye magte toegerus, maar in ooreenstemming met die handhawing en die beskerming van die fundamentele demokratiese vryhede en regte van die individu. Derhalwe is 'n deeglike kennis van die strafreg onontbeerlik vir misdaadnavorsing.

Vier basiese strukture kan in die sisteem van die kriminele regspleging onderskei word, naamlik die wetgewer, polisie, strafhowe en strafinrigtings. Elkeen van die strukture is op sigself sisteme wat ook instellings genoem kan word. Elkeen vervul 'n basiese funksionele rol en kan deur vier basiese

prosesse onderskei word, naamlik wetgewing, polisiëring, beregting en uitvoering van vonnisse.

Die kriminele regspleging het dus 'n naamwoordelike en werkwoordelike betekenis. In sy naamwoordelike verband word na die strukturele verdeling van die kriminele regspleging verwys en in werkwoordelike verband na die funksionele of prosesmatige verdeling.

Al vier die instellings word deur die staatsgesag beklee met bepaalde gesag waaruit bepaalde magte voortvloei. Die uitoefening van die staatsgesag word deur die trias politia gereguleer (Wiechers, 1981:48). Hierdie driedelingsleer onderskei tussen 'n wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag wat die vier instellings binne die kriminele regspleging met regsbevoegdheid beklee ten einde doeltreffend te kan funksioneer. Die wetgewer word met wetgewende gesag beklee; die polisie en strafinrigtings met uitvoerende gesag en die strafhowe met regsprekende gesag. Die onderskeid is noodsaaklik ten einde te verhoed dat 'n te groot konsentrasie van mag tot 'n afwysing van individuele fundamentele demokratiese regte en vryheid sal lei (Van Heerden, 1982:4-6).

## 7. DIE VERHOUDING VAN DIE STRAFREG TOT DIE KRIMINOLOGIE

Die strafreg staan in 'n besondere verhouding tot die kriminologie. Misdaad is die growwe skending van die subjektiewe regte van regsubjekte. Die strafreg reël hierdie onderlinge verhoudingskendings deur 'n verbod op bepaalde gedrag te plaas by wyse van strafbedreiging. Waar mense hulle wel aan misdade skuldig maak, bepaal die strafreg die wyse waarvolgens daar ooreenkomstig die reg met so 'n oortreder van owerheidsweë gehandel kan word. Dit is egter die kriminologie se taak om 'n studie te maak van die wyse waarop te werk gegaan moet word om misdaad te beheer met misdaadanalises as die aanknopingspunte. Oor 'n saak wat nie deur die strafreg as 'n vakwetenskap gereël word nie laat regter Frankfurter, Federale regter van die Hooggeregshof

van die Verenigde State van Amerika hom soos volg uit:[1]

"I myself think that the bench - we lawyers who become judges - are not very competent, are not qualified by experience, to impose sentences where any discretion is to be exercised. I do not think it is in the domain of the training of lawyers to know what to do with a fellow after you find out that he is a thief. I do not think legal training gives you any special competence. I, myself, hope that one of these days, and before long, we will divide the functions of criminal justice. I think the lawyers are people who are competent to ascertain whether or not a crime has been committed. The whole scheme of common law judicial machinery - the rules of evidence, the ascertainment of what is relevant and what is irrelevant and what is fair, the whole question of whether you can introduce prior crimes in order to prove intent - I think lawyers are peculiarly fitted for that task. But all the questions that follow upon ascertainment of guilt, I think require very different and much more diversified talents than the lawyers and judges are normally likely to possess" (Midgley et al., 1975:166).

Die voortbestaan van 'n samelewing is afhanklik van die ordelikheid wat binne die samelewing gehandhaaf word. Orde word in die samelewing verseker deur sosiale beheer wat uit verskillende komponente opgebou is. Een so 'n komponent is opvoeding: die kind word in die Christelike leer opgevoed sodat hy ooreenkomstig die Skrif met sy medemens sal saamlewe. Hier staan die sentrale liefdesgebod voorop. Die reg is nog 'n komponent waaruit maatskaplike beheer opgebou is en waar dit toegepas of geïmplementeer word in die samelewing. "The law is important because it touches virtually every area of social interaction" (Reid, 1982:29). Caldwell (1956:24) sê in hierdie verband: "The law is functionally related to the culture of society in which it operates and must be seen as only one part of the larger system of social control in that

--------------

[1] Die Viljoenkommissie wat in 1975 ondersoek ingestel het na die strafprosesstelsel in Suid-Afrika het op bladsy 8.1.3.1 van die verslag bevind dat dit dringend noodsaaklik is dat regstudente aan Suid-Afrikaanse universiteite opleiding in die kriminologie moet ontvang, omdat voorsittende beamptes in strafgedinge in die kriminologie onderlê behoort te wees.


society". Die strafreg vervul 'n besondere rol en funksie ten opsigte van die handhawing van orde in die samelewing deur die regulering, beskerming en vrywaring van die samelewing teen misdadige ordeskenders.

Die strafreg is daardie deel van die publiekreg wat deur 'n kompleks van regsnorme, die verhoudings tussen individue, owerheid en owerheidsorgane onderling beheer word. Tot die gebied van die stafreg "behoort daardie regsreëls en regsvoorskrifte wat meer bepaald betrekking het op die bestraffing van wederregtelike gedrag deur staatsowerheid (Van der Merwe en Olivier, 1980:2; De Wet en Swanepoel, 1975:20) wys daarop dat die strafreg ook as die kriminele reg bekend kan staan en dat die strafreg die "reg betreffende misdade" is.) Die strafreg bestaan uit die materiële strafreg wat voorskryf watter handelinge deur straf verbied is en wat die aard van die strawwe is. Die strafreg bestaan tweedens uit die formele strafreg wat voorskryf op watter wyse die vermeende misdadiger tot verantwoording geroep word en hoe strawwe opgelè en tot uitvoer gebring moet word.

Die kriminologie staan in besondere verhouding tot die strafreg (kyk figuur 2). In kriminologiese navorsing word daardie gedrag wat strafregtelik as misdade geïdentifiseer word, as vertrekpunt geneem om saam met lewensbeskouing 'n verwysingsraamwerk te vorm. Dit beteken nie dat die kriminologie sodanige identifikasie verabsoluteer nie. Dit is deel van die kriminologie se taak om krities na hierdie identifisering van misdadige gedrag te kyk. Die kriterium in hierdie kritiese evaluering is geleë in die oorsaaklikheidsverbande en aard van benadeling wat sodanige misdade tot gevolg het. Die strafreg as vak bemoei hom nie met sodanige kriterium nie, en dit is 'n besondere leemte wat die kriminologie dus aanvul. Die kriminologie se taak is ook onder andere die uitwysing, op wetenskaplik-gefundeerde grondslae, waarom sekere gedrag en verhoudings nie as misdadig gereken moet word nie en dus oortollig op die Wetboek verskyn. Ook geld die teendeel waar gedrag wat nie as misdadig beskou word nie in der waarheid in die Wetboek as misdaad opgeneem behoort te word, byvoorbeeld die een of ander kultus wat 'n besondere benadeling vir die samelewing inhou.

Die strafreg speel 'n besondere rol in die handhawing van orde en lewer 'n bydrae tot die beheer oor misdaad. Die strafreg dek egter nie die totale spektrum van misdaadbeheer nie. Die blikveld van die strafreg omsluit slegs

FIGUUR 2 DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERHOUDING TUSSEN KRIMINOLOGIE EN STRAFREG



- die optrede van owerheidsweë, met die strafhowe en die Wetgewer as owerheidsorgane teen misdaad;

- die regsnorme, -voorskrifte en -reëls wat die verhouding tussen owerheid en vermeende wetsoortreder reël, soos prosedure, bewysbaarheid, toerekeningsvatbaarheid, regverdigingsgronde en vonnisse.

## 8. DIE VERHOUDING TOT ANDER BASIESE WETENSKAPPE

Waar strafreg as die moederwetenskap van kriminologie beskou moet word, is sosiologie en psigologie sy tweelingsusters. Op die verklarende vlak is kriminologie verplig tot multidissiplinêre wetenskapsbeoefening ter beantwoording van etiologiese vrae rondom misdaad. Kennis word uit die kennissisteme van veral sosiologie en psigologie geabstraheer en gesintetiseer tot misdaadverklarende teorieë. Sosiologie en psigologie staan in 'n identiese verhouding tot die kriminologie en derhalwe is dit 'n mistasting om aan te voer dat kriminologie op grond van wysgerige beginselgrondslae uit die sosiologie ontvoog het en derhalwe as die moederwetenskap van kriminologie beskou moet word.

In 'n mindere mate steun die etiologiese beoefening van kriminologie ook op geografie (ekologiese verklarings) en staatsleer, laasgenoemde in die lig van die kritiese of radikale kriminologie wat aan die oorsake van misdaad 'n politiese basis wil gee.

In sy wetenskapsbeoefening is kriminologie op die beskrywende en toepassingsvlak verplig tot 'n multidissiplinêre benadering.

## 9. RASIONAAL VIR DIE BEGRENSING

Onder begrensing van die kriminologie as 'n vakwetenskap moet verstaan word dat die kriminologie 'n vakwetenskap is wat 'n kennissisteem rondom die misdaadverskynsel opbou met misdaadvoorkoming en misdaadbeheer as doelwit. Die voorkoming en beheer van misdaad is noodsaaklik anders sou dit tot wanorde lei. Die vertrekpunt van enige kriminologiese navorsing, waarmee saam 'n lewensbeskouing en verwysingsraamwerk opgebou word, is die juridiese omskrywing van misdaad. Dit is so omdat misdaad beskou word as die growwe

skending van die subjektiewe regte van 'n natuurlike en regspersoon (subjekte). Daarom word die kriminologie modaal bepaal deur die juridiese wetskring. Kriminologie se lewensbeskouing sentreer rondom die verontagsaming van die sentrale liefdesgebod deur die openbaring van misdadige gedrag en rondom 'n wetsorde wat hierdie skending reguleer, welke wetsorde in die juridiese modaliteit geleë is. Die juridiese wetskring reguleer die verhoudings en betrekkinge van die subjektiewe reg van regsubjekte. Verder, op grond van kriminologie se besondere stand tot die regswetenskap en in besonder tot die strafreg (verbintenis en verhouding), is kriminologie 'n regswetenskaplik-georiënteerde dissipline. As vakwetenskap staan kriminologie in dieselfde verhouding tot die regswetenskap as die uitleg van wette, forensiese sielkunde, medicina forensis, regsvergelyking, regsgeskiedenis en regsfilosofie (ook genoem algemene regsleer of jurisprudensie). Kriminologie se outonomiteit (selfstandigheid of onafhanklikheid) is geleë in die feit dat dit juridies verantwoordbaar is deurdat die vak 'n kosmiese faset in die werklikheid tot studieobjek abstraheer - die misdaadverskynsel - en in samehang daarmee die wetskring wat vir die kosmiese faset geld. Hierdie wetskring is die juridiese wetskring omdat misdaad neerkom op die skending van 'n reg en die owerheid uit hoofde van die sinkern van vergelding moet toesien dat die geskende verhouding herstel word. Vergelding het 'n positiewe uitleg deurdat daar met begrip, insig en liefde met die pleger van 'n misdryf gehandel word en nie die vooropstelling van die talio-beginsel nie.

Wetenskapsbeoefening strek egter ook oor die grense van wetenskappe heen en kan nie op absolute wyse tot die grense van 'n bepaalde vakwetenskap beperk word nie. Tog is dit ter wille van die orde nodig dat vakwetenskappe begrens word ten einde struktuur aan kennissisteme te verleen. Begrensing van vakwetenskappe is 'n algemene probleem vanweë die multidimensionaliteit van studieobjekte en veelkantigheid van die werklikheid. Die beantwoording van 'n algemeengeldende aanleidende vraag vir 'n vakwetenskap kan die probleem waarskynlik in 'n groot mate oplos.

## 10. 'N ALGEMEENGELDENDE AANLEIDENDE VRAAG VIR KRIMINOLOGIE

Suiwerheid in kriminologiese wetenskapsbeoefening kan alleen bewerkstellig word indien dit binne die regte akademiese atmosfeer beoefen word. Daarom is die afbakening van sy grense ook van wesenlike belang. 'n Kriminoloog,

soos enige ander vakwetenskaplike, beweeg binne die grense van sy vak wanneer sy wetenskapsbeoefening direk in verband staan met die beantwoording van die aanleidende vraag wat vir kriminologiese wetenskapsbeoefening in die algemeen geld. Die volgende drieledige vraag word as 'n algemeengeldende aanleidende vraag vir kriminologie aangebied:

- is die gewraakte handeling inderdaad 'n misdaad?

- indien wel, is die persoon teen wie die misdaad teen laste gelê word, inderdaad die persoon wat die gewraakte handeling gepleeg het;

- en indien wel, hoe moet met die persoon en die omstandighede wat die misdaad omring, gehandel word?

Enige probleemstelling wat direk met die algemeengeldende aanleidende vraag in verband staan, sal kriminologies-georiënteerd wees. Voorts bied dit die versekering dat die kennissisteem wat tydens die ontrafeling van die probleem opgebou word, vir die kriminele regspleging benutbaar sal wees.

## 11. SAMEVATTING

Die saak wat vandag die aanbieding van kriminologie aan Suid-Afrikaanse universiteite konfronteer, is waarheen kriminologie met sy kennissisteem op pad is. Op die Kriminologiekongres van 1987 was dit duidelik dat dié pad nog nie uitgestippel is nie.

'n Vraag wat universiteitshoofde hulself afvra, is of dit nut het om 'n konteksmatige vak soos kriminologie aan universiteite, veral gesien teen die agtergrond van universiteitsfinansiering, aan te bied indien die benutting van sy kennissisteem geen materiële waarde het nie. Die vraag kan alleen beantwoord word indien die universiteitshoofde goed vertroud is met die wesenlike aard van kriminologie. Daarom is dit baie belangrik dat kriminoloë hul vak bekend stel en sal waak teen onsuiwere kriminologiese wetenskapbeoefening deur die studieterreine van ander wetenskappe te betree. Dit bring die outonomiteit van kriminologie ernstig in gedrang.

Kriminologie, vanweë sy konteksmatigheid, se toekoms aan Suid-Afrikaanse universiteite kan alleen verseker word indien sy materiële waarde uitgelig word. Dit kan alleen geskied indien die vak amptelike erkenning binne formele en professionele beroepskringe geniet. Kriminologie se dienslewering uit hoofde van sy kennissisteem vind neerslag binne die kriminele regspleging. Derhalwe is die beroepskringe in die kriminele regspleging gevestig. Dit is egter binne die regsprofessie wat kriminologie sy posisie sal moet vestig.

Quo vadis kriminologie? Dié vraag vereis dat 'n grootskaalse ondersoek oor die saak onderneem word ten einde daarop te antwoord. Indien so 'n ondersoek egter nie onder die beskerming van 'n owerheidsliggaam staan nie, byvoorbeeld die RGN of die SA Regskommissie, is dit te betwyfel of die bevindinge daarvan uitvoerbaar sal wees.

## 12. BRONNE GERAADPLEEG


1. BARTOL, C.R. EN BARTOL, A.M. 1986. Criminal behaviour. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

2. BIANCHI, H. 1956. Position and subject-matter of criminology. Amsterdam : North-Holland.

3. BOSMAN, F. EN HOSTEN, W.J. 1979. Inleiding tot die Suid-Afrikaanse reg en regsleer. Durban : Butterworth.

4. CALDWELL, R.P. 1956. Criminology. New York : Ronald Press.

5. CHAMELIN, N.C., FOX, V.B. EN WHISENAND, P.M. 1979. Introduction to criminal justice. New York : Prentice-Hall.

6. CLIFFORD, W. 1974. An introduction to African criminology. Dar es Salaam : Oxford.

7. DE KLERK, W.J., DUVENAGE, B. EN VAN WYK, J.H. 1972. Roeping en Werklikheid. Potchefstroom : Herald.

8. DE WET, J.C. EN SWANEPOEL, H.L. 1975. Strafreg. Durban : Butterworth.

9. DUVENAGE, B. 1983. Roeping en wetenskap. Potchefstroom : Pro Rege.

10. FOX, V. 1985. Introduction to criminology. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

11. GIBBONS, D.C. 1982. Society, crime and criminal behavior. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

12. HASKELL, M.R. EN YABLONSKY, L. 1983. Criminology, crime and criminality. Boston : Houghton-Mifflin.

13. LOUW, D.A., VAN HEERDEN, T.J. EN SMITH, P.R. 1978. Kriminologiewoordeboek. Durban : Butterworth.

14. MANNHEIM, H. 1973. Pioneers in criminology. Montclair, N.J. : Patterson-Smith.

15. MIDGLEY, J., STEYN, J.H. EN GRASER, R. 1975. Crime and Punishment in South Africa. Johannesburg : McGraw-Hill.

16. QUINNEY, R. 1979. Criminology. Boston : Little.

17. REID, S.T. 1982. Crime and criminology. New York : Holt.

18. SCHURINK, W.J. 1979. Misdaadprobleme. (In Lotter, J.M., red. Sosiale probleme in Suid-Afrika. Pretoria : RGN. p.S68-S74.)

19. SEELIG, E. 1950. Lehrbuch der Kriminologie. Graz : Keinruch.

20. STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg : De Jongh.

21. TAYLOR, I., WALTON, P. EN YOUNG, J. 1973. The new criminology. London : Routledge.

22. VAN DER MERWE, N.J. EN OLIVIER, P.J.J. 1980. Die onregmatige daad in Suid-Afrika. Pretoria : Van der Walt.

23. VAN DER VYVER, J.D. EN VAN ZYL, F.J. 1982. Inleiding tot die regswetenskap. Durban : Butterworth.

24. VAN DER WALT, P.J. CRONJE, G., SMITH, B.F. EN VAN DER WESTHUIZEN, J. 1982. Kriminologie: 'n Inleiding. Pretoria : HAUM.

25. VAN DER WESTHUIZEN, J. 1971. 'n Beskrywing van die analitiese metode in die kriminologie: beskrywend, verklarend en applikatief. Pretoria : (Verhandeling (MA)-Unisa.)

26. VAN HEERDEN, T.J. 1982. Inleiding tot die polisiekunde. Pretoria : HAUM.

27. VAN LAER, P.H. 1963. The philosophy of science. Pittsburg : Duquesne.

28. VOLD, G.B. 1985. Theoretical criminology. New York : Oxford.

29. VON HAMEL, G.A. 1978. Inleiding tot de studie van het Nederlandsche strafrecht. Amsterdam : North-Holland.

30. VON HENTIG, H. 1947. Crime, causes and conditions. New York : McGraw-Hill.

31. WALSH, D. EN POOLE, A. 1983. A dictionary of criminology. London : Routledge.

32. WIECHERS, M. 1981. Verloren van Themaat: Staatsreg. Durban : Butterworth.